

Riglyne om in te sluit by die plan vir groter Voortrekkeraktiwiteite tydens vlak 1.

(Hierdie riglyne moet aangevul/aangepas word afhangende van die tipe aktiwiteit en fasiliteite).

- Die hoeveelheid mense wat 'n aktiwiteit kan bywoon (aanbieders ingesluit) word deur die regulasies beperk deur die kapasiteit van die fasiliteit. Vir binnemuurse aktiwiteite is die beperking 50% van die kapasiteit van die lokaal of 250 mense (watter een ook al die laagste is). Vir buitemuurse aktiwiteite is die kapasiteit 50% van die kapasiteit van die perseel of 500 mense (wat ook al die minste is).
- Enige slaapperiewe (kamers, huisies, tente) kan ook net tot 'n maksimum van 50% beset word bv. 'n slaaplokaal vir 4 persone kan slegs deur 2 persone gedeel word. Dit word egter sterk aanbeveel dat diegene wat kamp in hul eie tente slaap en dat tente nie gedeel word nie. Tente moet ook geventileer word deur bv. vensters oop te laat wanneer die weer dit toe laat. Verkieslik moet geen toe weermagtente gebruik word nie, nie vir slaap of kursusse nie. Weermagtente se ventilasie is nie goed nie en is 'n hoë risiko selfs met afstand tussen persone.
- Dit is noodsaaklik / verpligtend om 'n register by te hou waarin die naam, van en kontakbesonderhede van elke persoon wat die byeenkoms bywoon, aangeteken word. Die nodige vraelys (voorbeeld sal beskikbaar gestel word op webblad) moet by aankoms en dan ook daaglik voltooi word en saam met die kampdagboek en register bewaar word. Die inligting hierin aangeteken sluit ook in die daaglikse temperatuurlesing en moontlike ander simptome waarvoor daaglik gevra word (want nie almal ontwikkel koors as deel van hul simptome nie). Voor aanvang van die aktiwiteit moet bevestig word dat persone wat die aktiwiteit bywoon nie moontlike kontak gehad het met 'n persoon met COVID-19 (vermoede geval of gediagnoseer) in die voorafgaande 10 dae nie.
- Dit is noodsaaklik / verpligtend dat 'n vrywaringsvorm voltooi moet word deur elkeen wie die byeenkoms bywoon. Die ouers moet namens minderjarige jeuglede die vrywaringsvorm voltooi. Die Voortrekkers, kamp, organiseerders of 'n Voortrekkerlid kan nie persoonlik of in 'n ander hoedanigheid aanspreeklik gehou word sou 'n persoon siek word tydens 'n aktiwiteit nie. Bywoning is vir alle aktiwiteite vrywillig en op eie risiko. Die fisiese bywoning van Voortrekkeraktiwiteite is nie verpligtend nie. Sou 'n kind of ouer besluit om eerder nie die aktiwiteit by te woon nie sal die kind nie benadeel word nie.
- Vrywaringsvorme en kampreëls moet aangepas word om bepalings en maatreëls vir COVID-19 in te sluit.

- Maskers moet ten alle tye gedra word deur almal teenwoordig. Waar intense fisiese aktiwiteite gedoen word is die dra van maskers tydens die bepaalde aktiwiteit nie 'n vereiste nie maar sosiale distansiëring moet sover moontlik steeds toegepas word.
- Alle persone wat die aktiwiteit bywoon se temperatuur moet geneem en aangeteken word met die aanvang van die aktiwiteit. Persone met 'n temperatuur van 38° C of hoër moet vir 10 minute in die koelte weg van ander persone wag waarna die temperatuur weer geneem sal word. Indien die temperatuur steeds hoër as 38° C is kan die persoon nie die aktiwiteit bywoon nie. Hierdie proses moet dan ook daaglik herhaal word vir die duur van die aktiwiteit.
- Hande moet gereeld met seep en water gewas word of met alkohol gereinig word. seep en/of handreiniger moet ook deurlopend beskikbaar wees vir gereelde gebruik tydens die aktiwiteit, veral met etenstye.
- Lede moet aangemoedig word om sosiale afstand (1.5 m) te handhaaf, drukkie, soengroete en ander vorme van kontak te vermy, om nie aan sy haar gesig te vat met ongewaste hande nie, gereeld hande te was, in sy/haar elmboog te nies/hoes, en sy/haar eie waterbottel/beker/eetgerei te gebruik.
- Groepe moet so klein moontlik gehou word en groot groepaktiwiteite moet vermy word. Aandprogramme, danse, kampopeninge, kampafsluitings ens. moet of in kleiner groepverband gedoen word of kan gesamentlik gedoen word met kleiner groepe wat vër van mekaar gespaseer is en nooit kontak met mekaar maak nie. Klank en ander multimedia toerusting kan hier goed ingespan word.
- Kursusgroepe word versprei oor die terrein en kinders se tente kom by die kursusareas. Kursusgroep moet ook apart van mekaar eet (afsonderlike ruimtes/tye) en ook afsonderlike storttye/ vrye tyd hê om interaksie tussen groepe te beperk.
- Waar kursusse en ander aktiwiteite aangebied word moet 1.5 m (of so ver moontlik) ook toegepas word. Dit geld ook vir etes waar persone ook verkieslik nie teen aan mekaar moet sit nie (die kinders is gewoon hieraan met pouses by skole).
- Geriewe wat gereeld gebruik word (ablusiegeriewe, werksoppervlaktes, krane, ligskakelaars, deurhandvatsels ens.) moet gereeld (minstens daaglik) ontsmet word.
- Handskoene en maskers moet gedra word met die voorbereiding van voedsel asook met die opskep daarvan. Enige persoon met allergie en-of verkoue simptome mag nie dele wees van die span wat opskep of kos voorberei nie. Eetgerei en kos moet nie gedeel word nie.
- Lede word voorgelig m.b.t. die tipiese simptome en aangemoedig om aan te meld indien nodig. Die opgeleide noodhelpers sal n.a.v. die lid se agtergrond en simptome aanbeveel of daar verder opgetree moet word.

- 'n Raamwerk vir die hantering van 'n moontlike geval van COVID-19 moet saamgestel en beskikbaar wees. Die plan kan onder andere insluit: Die persoon sal onmiddellik geïsoleer word in 'n geskikte ruimte (spesifiseer die ruimte). Addisionele beskermingsdrag (PPE) is beskikbaar vir die mediese persoon wat die moontlike geval hanteer en sal onmiddellik aangetrek word. Die persoon se ouers/naasbestaandes sal gekontak word om die persoon te kom haal en te neem vir toetsing (op eie rekening). Die nodige kontakte (contact tracing) sal ingelig word sou die persoon positief toets vir COVID-19.
- Wat bus- en ander soortgelyke vervoer aanbetref moet die nasionale regulasies asook die van die onderskeie maatskappye nagekom word. Volgens die nasionale regulasies vir vlak 1 mag busse 100% kapasiteit vervoer vir 'n afstand van minder as 200 km en slegs 70% kapasiteit vir 'n afstand meer as 200 km.
- Indien Voortrekkeraktiwiteite op terreine anders as die van 'n privaat woning aangebied word moet die reëls en regulasies van die betrokke terrein/fasiliteit ook gehoorsaam word.